higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 4

21 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Onwaar
1.3 Waar
1.4 Onwaar
1.5 Waar
1.6 Waar
1.7 Waar
1.8 Onwaar
1.9 Waar
1.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 roetine
2.2 uit te skakel
2.3 dissipline
2.4 tweetalig
2.5 uitgesluit
2.6 spaarsamig
2.7 reaktiewe
2.8 Oorvleueling
2.9 outentieke
2.10 krities
2.11 Grondslag
2.12 reflekteer
2.13 Tegniek
2.14 voorbeelde
2.15 Interne

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

3.1 D
3.2 G
3.3 A
3.4 J
3.5 N
3.6 E
3.7 H
3.8 B
3.9 M
3.10 P
3.11 F

Kopiereg voorbehou

3.12 I
3.13 C
3.14 L
3.15 O

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Die korrekte stappe om te volg wanneer ‘n taak verrig word OF ‘n opeenvolging van stappe wat in ‘n bepaalde volgorde uitgevoer word.

4.1.2 Straf wat daarop gerig is om fisiese pyn te veroorsaak.

4.1.3 Onderrig en leer van volwasse leerders OF Volwasse Basiese Onderwys en Opleiding.

4.1.4 Die geleentheid om op te tree of beheer te neem voordat iemand anders dit doen OF die vermoë om dinge onafhanklik te evalueer en inisieer.

4.1.5 Doen dinge volgens ‘n vaste plan of stelsel.
(Enige relevante antwoord) (5 × 2) (10)

4.2
- Grondslagfase
- Intermediêre Fase
- Senior Fase (3 × 1) (3)

4.3
- Gemodereerde gemeenskaplike assesserings sal volgens die assesseringsbeginsels regverdig wees.
- Alle assesserings sal vir elke skool van dieselfde standaard wees.
- Leerders wat bevorder word se bekwaamheidsvlakke sal van dieselfde standaard wees.
- ‘n Onpartydige moderering sal die gehalte van assesserings moet verseker.
- Verskillende leerverskaffers sal saamwerk om gehalte-assesserings op te stel.
- Leerders sal presies wees wat van hulle verwag word, omdat die assessering ooreenkomstig spesifieke riglyne opgestel is.

(Enige VYF relevante antwoorde) (5 × 2) (10)

4.4
- Is die hulpbronne akkuraat en toepaslik?
- Is die hulpmiddels diskriminerend?
- Kan die hulpbronne konstruktief gebruik word?
- Is hulle maklik toeganklik vir al die leerders?
- Is die gedrukte materiaal maklik leesbaar?
- Is die hulpbronne interessant en afwisselend?
- Is die hulpbronne van toepassing op die onderwerp?

(Enige VIER relevante antwoorde) (4 × 1) (4)

Kopiereg voorbehou

4.5
- Betroubaar
- Prakties uitvoerbaar
- Regverdig
- Geldig
- Toepaslik
- Deursigtig (6 × 1) (6)

4.6 4.6.1 Uitkomsgebaseerde
4.6.2 Tradisionele (2 × 1) (2)
[35]

TOTAAL AFDELING A: 75

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Demokratiese benadering
5.1.2 Outokratiese benadering
5.1.3 Laissez-faire-benadering
5.1.4 Krisisbenadering
5.1.5 Verkleurmannetjie-bestuursbenadering (5 × 2) (10)

5.2 5.2.1
• Die skoolhoof aanvaar nie hierdie leerders nie by sy skool nie as gevolg van hul MIV- en VIGS-status.
• Daar word teen leerders gediskrimineer op grond van hul MIV- en VIGS-status.
• Eksterne organisasies moet uitgenooi word om positief met die leerders te kom praat en nie om hulle tereg te wys nie.
• Die skoolhoof voel dat dit 'n verkwisting van geld is om onderwysers oor MIV en VIGS op te lei.
• Leerders neem dieselfde negatiewe houdings as die skoolhoof en onderwysers teenoor hierdie leerders in. (5 × 2) (10)

5.2.2
• As 'n skoolhoof het ek nie die reg om enige leerder op grond van sy of haar MIV- en VIGS-status weg te wys nie, en ek sal dus hierdie leerders aanvaar.
• Ek sal nie toelaat dat die besmette leerders van ander leerders geskei word nie.
• Ek sal onderwysers vir opleiding stuur sodat hulle al die korrekte feite en inligting oor die virus kan leer.
• Ek sal eksterne organisasies uitnooi om die erns van die virus te kom beklemtoon.
• Ek sal aan die onderwysers en ander leerders demonstreer hoe om die besmette leerders te aanvaar en nie teen enige leerder te diskrimineer nie. (5 x 1) (5)
[25]
(Enige VYF relevante antwoorde)

VRAAG 6

6.1 Studente sal hul eie antwoorde neerskryf, byvoorbeeld:
- Onderwysers handhaaf nie ‘n professionele afstand van die leerders in hul klasse nie.
- Leerders weet dat lyfstraf nie toelaatbaar is nie.
- Leerders swig onder druk van die portuurgroep.
- Leerders neem situasies in die klas op ten einde op sosiale media aandag te trek.
- Daar kan ‘n gebrek aan ouerlike betrokkenheid in skole wees.
- Daar is ‘n wanbalans tussen leerders se regte en hulle verantwoordelikhede.

(Enige DRIE relevante redes) (3 × 2) (6)

6.2 6.2.1
- Geen grondlynassessering is gedoen om te bepaal wat die leerders reeds weet nie.
- Die leerders was moeg so laat in die middag.
- Die leerders het gedurende die les belangstelling verloor.
- Die onderwyser was nie goed voorbereid vir die les nie.

(Enige DRIE relevante redes) (3 × 1) (3)

6.2.2
- Bepaal die leerders se huidige kennis van die onderwerp wanneer jy die les voorberei.
- Verbind voorkennis met die nuwe kennis.
- Skeduleer die les vir vroeër in die dag terwyl hul verstand nog vars is.
- Wys vir die leerders kleurwiele met die verskillende kleure of plakkate oor die verskillende kleure sodat hulle beter kan verstaan.
- Demonstreer deur verskillende kleure verf voor hulle te meng.

(Enige DRIE relevante antwoorde) (3 × 2) (6)

6.3 6.3.1 Inklusiwiteitsbeleid
6.3.2 Taalbeleid
6.3.3 Assesseringsbeleid
6.3.4 Inklusiwiteitsbeleid
6.3.5 Assesseringsbeleid (5 × 2) (10)
[25]

VRAAG 7

7.1 7.1.1
- Sportman – Liggaamlik-kinesteties
- Vermoë om die ele liggaam te gebruik om gevoelens uit te druk en aan sport, soos sokker, deel te neem.

7.1.2
- Musikant – Musikaal
- Vermoë om aan musiekvorms uitdrukking te gee, soos om kitaar te speel.

7.1.3
- Kind met honde – Naturalis
- Vermoë om diere te herken en sterk belangstelling in die natuurlike wêreld.

7.1.4
- Onderwyser – Interpersoonlik
- Leer deur samewerkende werkgroepe te gebruik.

7.1.5
- Skrywer – Linguistiese intelligensie
- Gebruik van skriftelike take.

(Enige relevante antwoorde) (5 × 2) (10)

7.2 7.2.1
- Joernale
- Lesopnames
- Lesplanne
- Leerderterugvoering

(Enige DRIE relevante redes) (3 × 2) (6)

7.2.2 Bemeester refleksie (1)

7.3 7.3.1 Nooi iemand van die akwarium om jou gasspreker te wees.

7.3.2 Bring ‘n klankstelsel in jou klaskamer in en laat leerders luister na die verskillende geluide wat seediere maak.

7.3.3 Laat leerders toe om hul eie seediere wat hulle as troeteldiere by die huis aanhou klas toe te bring, bv. vis/skilpad, ens.

7.3.4 Reël ‘n uitstappie na die akwarium. (4 × 2) (8)
(Enige relevante voorbeelde) **[25]**

VRAAG 8

8.1

NAAM VAN SKOOL: Little Kitty’s Educare	
WAARNEMINGSBLAD	
NAAM VAN KIND: Chloe September **KLASGROEP:** Freddy Frogs **TERMYN:** Eerste termyn (4 × 1)	
ONTWIKKELINGSASPEK	WAARNEMINGS:
Fisiese Ontwikkeling	
growwe motoriese vaardighede	uitstekend
fyn motoriese vaardighede	uitstekend
liggaamsbewustheid	uitstekend
(Enige EEN van bogenoemde)	(Enige EEN van bogenoemde)
Taalontwikkeling	
Verbale vaardighede	Goed
Luistervaardighede	Goed
(Enige EEN van bogenoemde)	(Enige EEN van bogenoemde)
Sosiale & Emosionele Ontwikkeling	

Sosiale vaardighede	Swak
Onafhanklikheid	Swak
(Enige EEN van bogenoemde)	(Enige EEN van bogenoemde)
Verstandelike ontwikkeling	
Konsepte (vorms; kleure; syfers)	Goed/uitstekend
Konsentrasiespan	Baie kort
(Enige EEN van bogenoemde)	(Enige EEN van bogenoemde)
(noem EEN aspek onder elke tipe ontwikkeling) (maak EEN opmerking langs elke aspek onder waarnemings) (2 × 4)	

(12)

8.2

Leerprogram	Werkskedule	Lesplan
• Spanbeplanning. • Sluit alle grade in. • Al die onderwysers in 'n fase werk saam. (Enige TWEE antwoorde)	• Onderwysers in 'n bepaalde graad. • Noem al die leeruitkomste vir die jaar . • Al die werk vir die jaar moet op die skedule wees. (Enige TWEE antwoorde)	• Individuele onderwyserbeplanning. • Beskryf inhoud van elke les. • Moet vir die hele week voorbereid wees. (Enige TWEE antwoorde)

(3 × 2) (6)

8.3 8.3.1
- Wees 'n goeie rolmodel vir sy leerders.
- Stel 'n goeie voorbeeld vir sy leerders.
- As 'n onderwyser, stel reëls aan die begin van die jaar vas.
- Laat leerders toe om die reëls te help maak, sodat hulle dan meer gewillig sal wees om die reëls te volg..
- Wees konsekwent wanneer jy dissipline in die klaskamer handhaaf.
- Leer die leerders om gesag te respekteer.

(Enige VIER relevante antwoorde) (4 × 1) (4)

8.3.2
- Begin deur vir die leerders te vertel wat die MOETS en MOENIES in die klaskamer is./Lê die reëls in die klaskamer neer.
- Gee vir leerders spesifieke take vir die dag; dit sal leerders help om verantwoordelikheid te aanvaar.
- Help leerders om doelwitte te stel deur vir hulle 'n doeldatum te gee waarteen 'n taak voltooi moet wees.
- Moedig leerderdeelname aan deur vir hul insette te vra.
- Verduidelik dat as een leerder ontwrigtend is, dit al die ander in die klas beïnvloed. Beklemtoon die groter prentjie.
- Lig leerders in oor wat goeie maniere is en dat daar van hulle verwag word om te alle tye goeie maniere aan die dag te lê.

(Enige DRIE relevante antwoorde) (3 × 1) (3)

[25]

VRAAG 9

9.1

Gestremdheidstruikelblok	Taal-en-kommunikasiestruikelblok	Sosio-ekonomiese struikelblok	Diskriminerende-houding-struikelblok

•Aandagafleibaarheidsindroom •Sielkundige versteuring •Sukkel om nuwe konsepte te verstaan weens ondergemiddelde verstandelike funksionering. (Enige TWEE antwoorde)	• Huistaal verskil van taal van leer en onderrig. • Die meeste onderwysers in Suid-Afrika kan nie gebaretaal as 'n taal van leer en onderrig gebruik nie. (Enige TWEE antwoorde)	• Swak mondelinge taalontwikkeling as gevolg van gebrek aan kommunikasie- en leergeleenthede. • Armoede en honger. • Huishoudings waarvan leerders aan die hoof staan weens die afsterwe van albei ouers. (Enige TWEE antwoorde)	• Negatiewe houdings teenoor leerders wat Isizulu praat. • Negatiewe houding teenoor leerders wat Serebrale Gestremdheid (breinverlamming) het. (Enige TWEE antwoorde)

(4 × 2) (8)

9.2 Studente se eie antwoorde, byvoorbeeld::

- Ons het 11 amptelike tale, met ander woorde 11 verskillende kulture, wat moeilik is om in 'n klaskamer te bestuur.
- Kultuurverskille sluit tradisionele oortuigings, houdings en waardes, voedsel, klere en kuns in.
- Verskillende kulture het ook verskillende nieverbale kommunikasie soos gebare, oogkontak, en hoe om vrae te vrae en dit te beantwoord.
- Verskillende godsdiensoortuigings en -tradisies.

(Enige DRIE relevante antwoorde) (3 × 1) (3)

9.3 9.3.1 Formatiewe assessering

9.3.2 Grondlynassessering

9.3.3 Summatiewe assessering

9.3.4 Diagnostiese assessering

9.3.5 Summatiewe assessering

9.3.6 Formatiewe assessering

9.3.7 Grondlynassessering (7 × 2) (14)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 125
GROOTTOTAAL: 200